B R E N N - O - K E M
BRENN-O-KEM (PTY)LTD
PRODUCERS OF NATURAL CREAM OF TARTAR AND TARTAR EMETIC
IMPORTERS OF TARTARIC ACID

Brenn-O-Kem (Pty) Ltd
Trade as Waverley Hills /Dixon's Peak
P.O. Box 71
Wolseley, 6830
South Africa
Tel:++27 (0)23 231 0002
Fax:++27 (0)23 231 0004
E-mail: mwbrenn@iafrica.co.za
htpp://www.brenn-o-kem.co.za

06-04-2018

Resultate van Plantosverde op organies wyndruiwe en olywe

In die Wes- en Noord-Kaap gaan ons gebukkend onder 'n hewige droogte wat elke rolspeler in die landbou direk beïnvloed. Daar is verskillende maniere hoe hierdie droogte tot dusver deur boere hanteer is. Sommiges het in die vrugte bedryf hul ou boorde uitgetrek om net vir die jonger boorde water beskikbaar te kon hê, ander was weer gedwing om in die geval van groente heelwat minder uie te plant as wat aanvanklik beplan was en dit het daartoe gelei dat minder seisoens werkers indiens geneem kon word. Daar was ook ongelukkig die boere waar al die ander opsies opgeraak het en die enigste uitgangspunt was om hul plase te verkoop, maar hierdie opsie is nie so maklik nie want eerstens is daardie grond deel van die boer se mens wees en dit is al wat baie van hulle ken, maar die ander probleem is wie gaan in die middel van 'n droogte grond koop. So is water die een groot faktor wat 'n rospeel by enige boerdery, maak nie saak waarmee jy boer nie.

Die positiewe kant van die droogte (as daar so iets kan wees) is egter dat boere gedwing word om meer innoverend te dink om planne te maak om water beter te bestuur of sy plaas meer "water wise" te maak. Dit kom natuurlik in die meeste gevalle teen 'n prys. Ek is egter in die 2015/2016 seisoen (toe ons ook die genadeloosheid van 'n droogte beleef het) bekend gestel aan die produk Plantosverde. Mnr. Tiaan Ras van Kadima tussen Tulbagh en Wolseley het my gekontak en my van die produk vertel en voorgestel dat ek dit op die olywe toets. Ek het die olywe ietwat laterig in die seisoen met 2 behandelings van Plantosverde gespuit (so 10 dae uit mekaar), waarna ek die eerste resultate ongeveer 10 dae na die eerste spuit kon sien. Die olywe het mooi herstel en ek kon sien dat hulle na die 2 spuite die tekort aan water beter hanteer het.Ek het in die 2016/2017 seisoen Plantosverde op die olywe sowel as die wyndruiwe gebruik nadat toestemming deur Ecocert aan my toegestaan is om dit te doen aangesien ons 'n organiese boerdery is. In die begin van 2017 het ek blaarontledings gedurende deurslaan geneem en tot my verbasing was daar geen Ca tekorte in die wingerd of olywe nie. Vir die 2017/2018 seisoen het ek beplan om die wingerd sowel as die olywe slegs 3 toedienings (wat 'n na-oes toediening insluit) van Plantosverde te gee om net die inset kostes gedurende die droogte so laag as moontlik te hou. Ek het besluit om slegs die een gedeelte wat ons vir tafel olywe gebruik 2 ekstra spuite te gee.

Die resultate was soos volg. Die wingerd se oes was wel af, maar die druiwe se kwaliteit was baie goed en vir my die belangrikste was die feit dat die wingerd die droogte so goed hanteer het sonder om regtig te wys dat dit swaar kry. Die lootlengtes en trosgrootte was in meeste gevalle baie korte en kleiner as in 'n normale seisoen , maar die blare se kleur was mooi groen en het baie gesond gelyk. Daar moet in gedagte gehou word dat vir die 2017/2018 seisoen ons slegs 'n derde van die water beskikbaar gehad het vir die olywe en wingerd teenoor jare waneer ons damme vol is aan die begin van 'n seisoen op Waverley Hills. Ons het die seisoen begin met een dam wat leeg was en die ander dam wat nie eens half was nie. Ons boorgate moes help, maar kon nie die probleem oplos nie. Wat vir my die indrukwekkendste van als is, is die feit dat ek aanvanklik beplan het om 'n na-oes spuit by al die wingerd blokke toe te dien, maar toe ek die resultate van die blaarontledings kry wat gedurende die 2018 deurslaan stadium geneem is het ek vining 'n ander deuntjie gesing. Daar was nie een enkele blok wat 'n Ca tekort gehad het nie. Ek het besluit om net die een blok (ongeveer 2.6 ha) waar die Ca vlakke ietwat laer as die res was te spuit sowel as die nuwe aanplantings om net die "stress" van die droogte ietwat ligter te

Brenn-O-Kem (Pty) Ltd
Trade as Waverley Hills /Dixon's Peak
P.O. Box 71
Wolseley, 6830
South Africa
Tel:++27 (0)23 231 0002
Fax:++27 (0)23 231 0004
E-mail: mwbrenn@iafrica.co.za
htpp://www.brenn-o-kem.co.za

maak. Wat die olywe aanbetref het ons aan die begin van die 2017/2018 seisoen besluit dat daar geen water vir die olywe beskikbaar sal wees tot meeste van die druiwe af is nie, maar ek het egter hier en daar in Desember 'n bietjie water begin afknyp net om ietwat van lafenis aan die bome te bring, maar dit was nie naastenby genoeg nie. Ek het 'n gedeelte van die olywe nog laat in die seisoen (tot na ertjiekorrel grootte) nog gesnoei net om van onnodige hout ontslae te raak. Ek kon sien dat dit redelik gehelp het. Wat my egter verbaas het was die feit dat ons gewoonlik onder hierdie omstandighede baie verrimpeling van olywe kry, maar in hierdie geval was dit heelwat minder.

Plantosverde is nie 'n wonder produk wat alles oornag sal reg maak nie, maar eerder 'n onderhoudsproduk wat oor die lang termyn heelwat voordele sal inhou soos bv. 'n gesonder plant wat "stress" agv droogte en insek skade beter sal kan hanteer. Die plant sal ook oor die langtermyn minder gevoelig wees vir siektes en probleem insekte. Dit is ook baie belangrik om 'n na-oes spuit in die program in te bring om net weer die plant te "kalmeer" en die kalsium wat gedurende die seisoen deur die plant gebruik is, aan te vul. In ons geval is dit egter ietwat moeilik om net 'n produk te spuit vir persoonlike redes of voorkeure. Daar word deur die organiese sertifiserings liggame vereis dat jy moet kan bewys dat daar 'n tekort of lae vlakke van bv. Ca was daarom is die toediening gemaak.

Ek hoop egter dat elkeen wat hierdie brief sal lees, meer vrymoedig sal voel om die produk te toets.

Die uwe

Johan Greeff (Plaasbestuurder, Waverley Hills)